Geagte Ouers 25.01.2012

Die ATKV hou elke jaar 'n redenaarskompetisie. Die verskillende kategorieë maak voorsiening vir leerlinge uit Graad 1 tot 12 om deel te neem. Ons wil graag hê dat AL ons leerlinge die geleentheid gegee word om hierdie lewensvaardigheid reeds van vroeg af te bemeester. Ons het dit goed gedink om dit is volg te benader:

1. Elke leerling in graad 1 tot 12 kry eers in sy klasverband die geleentheid om mondeling te doen oor die onderwerpe. Hierdie mondeling vorm deel van die gewone deurlopende mondelingpunt.
2. Dan kies Juffrou so twee of drie uit elke graad wat die beste gevaar het om aan 'n interne kompetisie deel te neem. Die beste 3 leerlinge uit elke kategorie in die interne kompetisie kan dan aan die ATKV-kompetisie in Windhoek gaan deelneem op 8 Junie 2012.
3. Ouers sal dalk self hulle kinders moet neem om te gaan deelneem. Hou asb. in gedagte dat dit 'n week na die privaatskole saamtrek is - as u vooraf weet u kan dan nie nog 'n uitstappie bekostig nie, laat weet my asb. En natuurlik sal ons van die skool se kant af probeer help met vervoer en verblyf, maar dit kan gebeur dat u self moet sorg.
4. Die interne kompetisies hou ons op die volgende datums:

Kategorie 1:	Graad 1 - 3	Vrydag, 2 Maart	11:00 - 11:30
Kategorie 2:	Graad 4 & 5	Vrydag, 2 Maart	11:30 - 12:15
Kategorie 3:	Graad 6 & 7	Vrydag, 2 Maart	12:15 - 13:00
Kategorie 4:	Graad 8 & 9	Dinsdag 6 Maart	18:30
Kategorie 5:	Graad 10 - 12	Dinsdag 6 Maart	18:30

   Die reëlings rondom temas, onderwerpe en tydsduur van die toespraak sal elke klasonderwyseres aan u deurgee.

5. Die WENNER in elke kategorie sal ons skool ook tydens die Privaatskole saamtrek by die redenaarskompetisie verteenwoordig.
6. Die leerling behou die toespraak wat hy/sy nou lewer vir die ATKV en ook die privaatskole saamtrek. Die toespraak mag wel verbeter en aangepas word. (Ek help GRAAG!) By die interne kompetisie sal ons nie so streng wees t.o.v. tydsduur nie, maar by die 2 groter kompetisies moet deelnemers aan al die vereistes voldoen.
7. Indien u kind kwalifiseer en aan die semi-finaal in Windhoek wil deelneem, is 'n inskrywingsfooi van N$ 150-00 **TEEN 30 MAART** betaalbaar. Geen laat inskrywings sal aanvaar word nie. Deelname aan die semi-finaal berus egter op u eie oordeel.

Ek vertrou u gaan lekker redeneer en argumenteer.

Vir enige navrae, kontak my gerus.

Patrys Mostert e-pos: patrysmostert@gmail.com OF 223034

(Organiseerder)